Gauteng Onderwysdepartement
# Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za Posbus 12009 1418
Webwerf: laerskoolelspark.co.za Tel: (011) 893-2024/5

2024-04-05

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN APRIL 2024

### WELKOM TERUG – MNR. PRETORIUS

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u 'n aangename vakansie saam met u kinders geniet het. Ons kinders en personeel is reeds hard aan die werk en ouers hardloop reeds rond om almal oral betyds te kry.

Dankie weereens vir die ondersteuning wat u aan ons skool gaan gee in hierdie kwartaal. Mag die skool ook dan sover moontlik aan almal se verwagtings en eise voldoen.

**NB! – Vakansiedae - 2de kwartaal**

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | Vryheidsdag |
| 1 Mei | - | Werkersdag |
| 29 Mei | - | Nasionale Verkiesingsdag |

### LEIER FONDSINSAMELINGSPROJEK - MNR. KEYTER

Ons leiers van 2024 hou 'n fondsinsamelingsprojek en ons vra dat u hulle asb. sal ondersteun. Dit beloof om 'n aand vol opwinding te wees!!!

| | |
|---|---|
| Wat: | "Good Vibration Greatest Summer Hits" |
| Waar: | Barnyard Theater Emperors Palace |
| Wanneer: | 12 April om 19:00 |
| Koste: | R200 per persoon |
| Besprekings: | Pam (083 412 2269) |

### ELSIE PARKRUN – ME VAN STADEN

| | |
|---|---|
| Datum: | Saterdag, 11 Mei |
| Tyd: | 08:00 tot 11:00 |

Baie dankie aan elke ouer vir hul positiewe gesindheid. Ons waardeer dit opreg. Daar is nog slegs 2 weke oor om borgvorms te voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| 12 April | - | Trek soos jou gunsteling boekkarakter aan. |
| 19 April | - | Snaakse hoed en bril |

Skryf die hele gesin in vir slegs R100 en kom geniet die oggend saam met ons. Voltooi asb. die onderstaande skeurstrokie en stuur dit na die klasonderwyser so gou as moontlik.

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Veels geluk aan Christian Mkosana wat tydens die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe in Polokwane 'n 5de plek in 100m, 6de plek in 80m en 1ste plek in aflos behaal het.

Ons is super trots op hierdie Super Elsie atleet van ons!

## MINI-NETBAL - ME T. GROBLER

Ons mini- netbaldogters is reeds hard aan die oefen.

Oefentye en dae vir die kwartaal is as volg:
Dae: Dinsdae, Woensdae en Donderdae
Tye: 13:40 tot 14:30.

Voorlopige wedstryddatums:
16 April- O/ 7 A en B en O/ 8 A, B en C (tuis) teen Elsburg
20 April- 0/7 -0/9 Al die spanne ( weg) teen Westwood
30 April- 0/7- 0/9 (tuis) teen Van Dyk
4 Mei- 0/7-0/9 (weg) teen Brentwoodpark
18 Mei-Laerskool Elspark mini-netbaldag O/7-0/9
16 Mei-0/7- 0/8 ( tuis) teen President Steyn
25 Mei-0/7-0/9 (weg) teen Baanbreker

## NETBAL – ME DU TOIT

Baie dankie aan elke dogter wat die Elsie naam hoog gehou het by die toer. Ons is trots op elkeen van julle.

Baie geluk aan Chantelize Ludick wat op 1 April aan die eerste rondte van die Gauteng proewe deelgeneem het , ons hou duim vas vir jou.

Ligadatums:
9 April vs Selectionpark 0/9-O/13 A en B (Weg)
11 April vs Baanbreker O/9-O/13 A en B (Tuis)
18 April vs Leeuwenhof O/10-O/13 A en B (Weg)

## C-SPAN NETBAL – ME SIMONE BURGER

Wedstryddatums vir 0/9 – 0/13C:

| | | |
|---|---|---|
| 9 April | - | Martin Primary (weg) |
| 10 April | - | Lakeside Primary (tuis) |
| 16 April | - | Parkdene Primary (weg) |
| 18 April | - | Witdeep Primary (weg) |
| 23 April | - | Witfield Primary (weg) |
| 25 April | - | van Dyk Primary (weg) |
| 30 April | - | Baanbreker (weg) |
| 2 Mei | - | Goudrand (weg) |
| 7 Mei | - | Freeway Primary (weg) |
| 9 Mei | - | Sanlich Primary (tuis) |
| 14 Mei | - | Parkrand Primary (weg) |

## ROOIVALKIES - MNR. WEIDEMAN

Oefentye is as volg:

Dae: Maandae en Woensdae
Tye: 13:10 tot 14:00
Wie: 0/7 en 0/8

## RUGBY - MNR. BOTHA

Ons seuns het op hul verskeie rugbytoere gegaan tydens die vakansie. Daar was baie sterk kompetisie, die seuns het baie geleer en hul harte uitgespeel.

Belangrike datums vir Kwartaal 2 se rugby lyk soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| 11 April | - | Van Dyk (Weg) Liga |
| 18 April | - | Die Arend (Weg) Liga |
| 25 April | - | Dalview (Weg) Liga |
| 2 Mei | - | Delmas (Tuis) Liga |
| 9 Mei | - | Aston Manor (Tuis) Liga |
| 16 Mei | - | Northmead (Tuis) Liga |
| 23 Mei | - | Edleen (Weg) Liga |
| 30 Mei | - | Liga uitspeelwedstryde |
| 4 en 5 Junie | - | Liga Semi Finale |
| 11 Junie | - | Liga Finale |

## KRIEKET – MNR KEYTER

Ons wil graag ons krieket toerspanne vasstel wat in die vakansie gaan toer. Die toer vind plaas vanaf 30 Junie – 3 Julie 2024 by Jubaweni in Limpopo.

Krieket proewe vir die 0/11 (graad 5) en 1ste Span (graad 6) vind volgende week Vrydag 12 April plaas vanaf 13:30 tot 15:30. Alle seuns wat belangstel kan die proewe bywoon.

Die volgende rondte proewe vir 0/11 (graad 5) en 1ste span (graad 7) proewe sal dan 19 April vanaf 13:30 tot 15:30 plaasvind.

Alle leerders wat belangstel sal `n brief ontvang met inligting van die proewe se datums en watter grade op watter datum moet bywoon.

**LEIERSKAMP – MNR KEYTER**

Die graad 6 leerders gaan op `n leierskamp vanaf 30 Augustus – 1 September 2024.

Plek: Jubaweni
Kostes : R1900

Alle uitstaande gelde moet asseblief teen 26 Augustus ten volle betaal wees.

**JNR KOOR – ME B. NELL**

Juniorkoor oefening hervat die Tweede Kwartaal.

**Datum:** 8 April

**Tyd:** 13:30-14:15

**Plek:** Mediasentrum

Daar is dan elke Maandag middag oefening.

Let daarop dat **Maandag 13 Mei** daar geen kooroefening sal wees nie, weens die Redenaars Uitdunne. Die Saal en die Media sal daarvoor gebruik word

**SNR KOOR – ME E. DE BRUYN**

Seniorkoor oefening hervat weer die 8ste April.

**Oefentye op Maandae is soos volg:**

**Tyd:** 14:15-15:15

**Plek:** Saal

Let daarop dat **Maandag 13 Mei** daar geen kooroefening sal wees nie, weens die Redenaars Uitdunne. Die Saal en die Media sal daarvoor gebruik word

**BOOGSKIET - ME JACOBS**

**NB!!! Alle AGA SA registrasiegelde moet teen 15 April betaal wees.**

**Kompetisiedatums**
6 April - Hoërskool Elspark

Koste:  R65 (was reeds betaalbaar)

| | | |
|---|---|---|
| 13 April | - | Hoërskool Riebeeckrand<br>Randfontein<br>Sluitingsdatum: 5 April<br>Koste: R65 |
| 20 April | - | Mkulu Archery klub<br>Plek sal bevestig word<br>Sluitingsdatum: 12 April<br>Koste: R65 |

## SKAAK - ME BADENHORST

**Skaakoefening Kwartaal 2**

Onder 9 , Onder 11 en Onder 13 spanne :

Dae – Dinsdag, Woensdag, Donderdag



Tyd – 13:30 tot 14:30 in die skoolsaal.

**NB! 04 Mei 2024 – Individuele toernooi te Martin Primary (Meer inligting sal volg)**

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof (Waarnemend)

---

**SKEURSTROKIE – ELSIES PARKRUN (11 MEI 2024)**

Hiermee bevestig ek, ______________________________ ouer voog van

________________ in gr. _____ dat ons aan die Elsies Parkrun gaan deelneem.

Hierby ingesluit is die R100 deelname vir 'n totaal van ___ gesinslede, wat gaan deelneem.

________________________ ________________________

Handtekening van ouer/voog Kontaknommer